Ruach Bediening Nuusbrief




Januarie 2026

Sarel en Gerda Reinecke

In hierdie Nuusbrief

1. Gedagte vir die maand 2
2. Gebedsterapie sessies 2
3. Getuienisse 2
4. Sommer net 'n paar gedagtes 3
   a. Leë eierdop 3
   b. Die jong man by sy "Pa" se sterfbed 3
   c. Die boer en sy mielies 4
5. So terloops 5
   a. Eksamen antwoorde 5
6. Beplanning vir volgende maande 5
7. Bybelskool 6
8. Fisiese Wetenskap aanlyn klasse 6
9. Afsluiting: Uitgedaag – Leer by Elia 7

1. Gedagte vir die maand





Psalm 116:1-2

[1]Ek het lief, want die HERE hoor my stem, my smekinge, [2]want Hy het Sy oor tot my geneig; daarom sal ek Hom in my dae aanroep.

2. Gebedsterapie sessies

55	Gebedsterapie sessies in Centurion
1	Gebedsterapie sessies per Telefoon
38	Gebedsterapie sessies per Video Call
9	Gebedsterapie sessies in Delmas
0	Gebedsterapie sessies in Middelburg
22	Gebedsterapie sessies in Nylstroom
125	Totale gebedsterapie sessies vir die maand

3. Getuienisse



Die maand se terugvoer en getuienis wat ons gekry het in die bediening:
(Dit gaan alles oor hoe Jesus ook jou, as instrument kan gebruik in Sy Koninkryk: Mat 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.)

Getuienis 1: Thank you so much Sarel, we stand in agreement, your prayers and scriptures giving really means a lot to us as it brings truth, blessings, prosperity, freedom, health and breakthroughs.

Getuienis 2: Ek het jou nommer by my skoonsus gekry. Ek wil baie graag ook met jou kom gesels. Sy is n ander mens na sy met jou gesels het, en ek smag na dit.

Getuienis 3: Dankie vir vanoggend. God werk verseker deur jou in 'n baie groot manier.

Getuienis 4: Naand Oom Sarel. Skuus vir die laat boodskap. Vanaand het ons vir die eerste keer saam Bybelstudie gedoen as gesin. Waarna ons hande op ons kinders gelê het en vir hulle elkeen gebid het.
My man het vroeër vandag vir sy seun gestuur, uit 'n vorige huwelik, geluk met sy verjaarsdag, want hy het vandag 18 geword.
My dogter het gevoel hy ignoreer haar ook en was hartseer. Net na ons gebid het, lui die foon. Nie een van ons kon dit glo nie. Dit is die stiefseun wat bel, om te sê hy sien hulle het vir hom 'n boodskap gestuur. My man sê toe dankie dat jy terug gebel het en sy seun sê ek sal môre weer bel. (My man verjaar môre).
Ek bid dat dit 'n nuwe begin is vir hulle. My man sê toe vir sy seun dat ons dogter graag met hom wil praat en daar gesels die 2 ook te lekker.
Ek sit in verwondering. Gebede word beantwoord. Ek bid dat daar versoening sal plaasvind. Kan ons ander kind ook terug kom en deel kom wees van ons gesin. Soos dit al moes gewees het vandat hy 18 maande oud was ♥

Getuienis 5: Wil net sê Baie Baie Baie dankie vir Saterdag. Dit het n impak op almal van ons

gehad, veral my seun. Hy is heeltemal in 'n ander gemoedstoestand. Ons kan kommunikeer, hy is oop en meer gelukkiger. Hy luister en neem in, hy werk saam. Daar is nog werk, maar Baie groot verbetering❤ God seen julle.

4. Sommer net 'n paar gedagtes

a. Leë eierdop

Juffrou Miller het 'n groepie jong seuns en dogters in haar klas gehad. Een van hulle was die dertien jarige Jeremy. Hy was nie net kleiner as die ander kinders in sy klas nie, maar was ook verstandelik gestremd.

Dit was Goeie Vrydag, die begin van die Paastyd. Juffrou Miller vertel die storie van Jesus wat aan die kruis gesterf en op die derde dag weer opgestaan het. Aan die einde van haar les gee sy vir elke kind 'n plastiek eierdop wat kan oopmaak.
"Ek wil hê julle moet huis toe gaan en iets in die eierdop plaas wat vir jou sal simboliseer dat Jesus gesterf het en weer opgestaan het," sê sy.

Die volgende dag heers daar groot opgewondenheid in die klas. Die kinders het 'n verskeidenheid goedjies in hulle eierdoppe gesit -- party het papier skoenlappers gebring, ander klippies met mos oortrek. Juffrou Miller het tussen al die kinders deurgeloop en toe sy by Jeremy se bank kom, sy sien dat sy eierdop oop was, maar dat dit leeg is. Sy het gedink dat die klein seuntjie nie verstaan wat hy moes doen nie en omdat sy hom nie in die verleentheid wou stel voor die klas nie, stap sy net aan, maak haar finale opmerkings en verdaag die klas.

Toe al die kinders weg is, kom klein Jeremy na haar en vra: "Juffrou Miller, hoekom het u niks oor my eierdop gesê nie; hoekom het u myne oorgeslaan?"
"Maar Jeremy, dit is leeg, is dit nie?" sê Juffrou Miller. Terwyl hy na haar kyk antwoord die klein Jeremy, "Juffrou Miller, op Paasoggend was Jesus se graf nie ook leeg nie?"

Terwyl die onderwyseres na die klein seuntjie luister het sy besef dat hy in sy kinderlike wese, die krag van die dood en opstanding van Christus verstaan.
Omtrent drie maande later is Jeremy oorlede om by die Here te wees. By sy begrafnisdiens bring negentien van sy klasmaats leë eierdoppe om op sy kis neer te sit. Dit was 'n teken om te sê, "Hier is 'n seuntjie wat geweet het wat dit beteken om Jesus te volg!"

b. Die jong man by sy "Pa" se sterfbed

Die verpleegster vergesel die senuweeagtige jong man na die bed van die bejaarde man. "Jou seun is hier," fluister die verpleegster aan die pasiënt. Sy moes die woorde 'n paar maal herhaal voordat die pasiënt sy oë effens oopmaak. Hy was swaar verdoof vanweë die pyn waarin hy verkeer het as gevolg van die massiewe hartaanval wat hy gehad het. Vaagweg kon hy die jongman sien wat langs die suurstoftent staan.

Hy het sy hand uitgereik na die jongman wat sy hand geneem het en dit styf vasgehou het, terwyl hy die pasiënt se hand 'n bemoedigende drukkie gee. Die verpleegster het 'n stoel vir die jongman nader gebring. Reg deur die nag het die jongman langs die bejaarde man se bed gesit en sy hand vasgehou terwyl hy sagte woorde van hoop uitgespreek het om hom te bemoedig. Die sterwende man het nie 'n woord gesê terwyl hy vashou aan die hand van sy seun nie.

Met sonsopkoms het die bejaarde man gesterf. Die jongman plaas die lewelose hand van die bejaarde man sagkens op sy bors en stap om die verpleegster te gaan roep.

Terwyl die verpleegster gedoen het wat nodig is, het die jongman geduldig gewag. Nadat die

verpleegster klaar was, het sy woorde van simpatie gerig aan die jongman oor die afsterwe van sy vader.

Maar hy onderbreek haar. "Wie was daardie man?" vra hy.

Die verskrikte verpleegster antwoord, "Ek het gedink dit is jou vader."

"Nee, hy was nie my pa nie," antwoord hy. "Ek het hom nog nooit vantevore gesien nie."

"Nou hoekom het jy niks gesê toe ek jou na hom toe neem nie?" vra die verpleegster.

Hy antwoord, "Ek het ook geweet dat hy sy seun nodig gehad het en sy seun was nie hier nie. Toe ek agterkom dat hy te siek is om te weet of ek sy seun is of nie, het ek besef hoe nodig hy my het....." (Skrywer Onbekend)

Daar is soveel mense wat ons nodig het en en ons het hulle net so nodig, al besef ons dit nie altyd nie. Daarom is daar altyd 'n rede hoekom mense, dinge en gebeure oor ons pad kom – Soms het ons hulle nodig om ons lewens te kom verander en soms het hulle ons weer nodig om hulle lewens te verander

Kyk om jou rond vandag, en jy sal verstom wees hoeveel mense jou nodig het, al is dit net vir n drukkie of n gebed of n paar woorde van aanmoediging. Jy kan n verskil maak in iemand se lewe.

c. Die boer en sy mielies

Daar was 'n boer wat mielies gekweek het. Elke jaar het hy sy mielies ingeskryf by die landbou skou en soos klokslag wen hy die blou roset vir die beste mielies in die distrik.

Een jaar het die joernalis van die plaaslike dagblad 'n onderhoud met hom gevoer en iets baie interessants geleer rondom die boer se manier van mielie verbouing. Die verslaggewer het te wete gekom dat die boer sy aanplantings saad deel met sy bure.

"Hoe kan jy dit bekostig om jou mielie saad te deel met jou bure terwyl hulle ook elke jaar inskryf vir die beste mielie kompetisie?" vra die verslaggewer aan die boer.



"Maar meneer," sê die boer "het jy nie geweet? Die wind tel stuifmeel op van die ryp wordende mielie koppe en waai dit van saailand na saailand. Indien my bure minderwaardige gehalte mielies verbou sal kruisbestuiwing stadig maar seker die kwaliteit van my mielies nadelig beïnvloed. Indien ek goeie mielies wil hê moet ek my bure help sodat hulle ook goeie mielies verbou."

Die boer was terdeë bewus van die mens se interafhanklikheid van mekaar. Sy mielies kan nie verbeter tensy sy bure se mielies nie ook verbeter nie So is dit ook gesteld met ons lewens. Die wat in vrede wil lewe moet ook hul bure help om in vrede te lewe. Die wat gelukkig wil wees moet ook ander om hulle help om geluk te vind aangesien die welstand van elke een verbind is aan die welstand van almal.

Dit is moontlik om weg te gee en steeds ryker te word! Dit is ook moontlik om te styf vas te hou en alles te verloor. Ja, die vrygewige man sal ryk wees! Deurdat hy aan ander water gee, les hy ook sy eie dors.

Spreuke 11:24-25

Daar is een wat ruim uitdeel en nog meer kry, en een wat terughou meer as wat reg is, maar tot sy gebrek.
Die siel wat seën, word versadig; en hy wat laaf, word self ook gelaaf.

My gebed vir elkeen van julle, is voorspoed, gesondheid, vrede, vreugde en genade. Mag Jesus elkeen ryklik seen en Sy beskermende Hand oor elkeen hou.

5. So terloops ....







a. Eksamen antwoorde

1. Waarvoor word beesvelle gebruik?	Om die bees binne te hou.
2. Wat is die verlede tyd van eet?	Honger
3. Wat is die verkleinwoord van oupa?	Kleinseun
4. Wat is die doel van die kies en oogtande?	Die kiestande kou die kos en die oogtande kyk dat hulle die werk goed doen.
5. Voltooi die Idioom: Hoe meer haas?	Hoe groter is die haaspastei.
6. Wat is die meervoud van kabeljou?	Kabeljulle
7. Maak 'n sin met "ter aarde bestel"	Wie op ter aarde bestel so 'n groot koek.
8. Vertaal in Afrikaans: "I beg you pardon"	Huh?

6. Beplanning vir volgende maande

MIDDELBURG		NYLSTROOM		DELMAS	
Ons bedien 1 x 'n maand in **Middelburg**, 'n Vrydag en Saterdag. **Om afspraak te reël in Middelburg, kontak vir Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Om afspraak te reël in Nylstroom, kontak vir **Sarel Reinecke ✆ 084 429 7016**		Maandae is ek in Delmas. Kontak persoon om 'n afspraak te reël: **Linn Swanepoel ✆ 072 400 6487**	
2026		**2026**		**2026**	
Geen besoek	Januarie	22 & 23	Januarie	19	Januarie
06 & 07	Februarie	26 & 27	Februarie	23	Februarie
06 & 07	Maart	19 & 20	Maart	30	Maart
10 & 11	April	23 & 24	April	20	April
08 & 09	Mei	21 & 22	Mei	18	Mei

MIDDELBURG		NYLSTROOM		DELMAS	
12 & 13	Junie	18 &19	Junie	22	Junie
10 & 11	Julie	23 & 24	Julie	20	Julie
07 & 08	Augustus	20 & 21	Augustus	17	Augustus
		10 & 11	September	21	September
04 & 05	Oktober	29 & 30	Oktober	26	Oktober
02 & 03	November	Geen Besoek	November	23	November
06 & 07	Desember	Geen Besoek	Desember	Geen besoek	Desember

7. Bybelskool



Kontak sfb.kantoor@gmail.com indien jy die Bybelskool **online** wil bywoon elke Sondag.

Registrasie vir **2026** sluit **15 Januarie 2026.**

8. Fisiese Wetenskap aanlyn klasse



9. Afsluiting: Uitgedaag – Leer by Elia

Elia het nadergegaan na die hele volk en gesê: "Hoe lank gaan julle nog op twee krukke bly hink? As die HERE God is, volg Hom; as dit Baäl is, volg hom."
Maar die volk het hom nie met 'n enkele woord geantwoord nie.
1 Konings 18:21 (2020-vertaling)

Elia het die priesters van Baäl uitgedaag, Baäl self uitgedaag en die Israeliete uitgedaag. Almal moes finaal sien wie die ware God is, en wie die stomme afgod. Hy daag die volk uit om te kies: God of Baäl. Hierdie vertaling gebruik die letterlike betekenis van die woord, naamlik 'n "verdeelde tak", 'n kruk, hoewel die meeste dit sien as 'n beeld vir verdeelde gedagtes. Die Israeliete was immers verdeeld tussen God en Baäl. Vrees vir God het hulle verhoed om Baäl te dien, maar vrees vir mense het hulle verhoed om die Here te dien. Nou was hulle verlam, uitgeskakel. Elia daag hulle uit om te kies, radikaal en finaal. Ons word natuurlik ook deur Elia uitgedaag. Ons hink ook dikwels op twee gedagtes. Ons wil die Here dien, maar vind dan dat dit in die wêreld nie populêr is nie. So staan ons verlam, sonder oorgawe na enige kant toe – "lou", in Jesus se woorde.
Ek moet radikaal en finaal kies: wie dien ek?

Gebed - Hemelse Vader, ek kies vir U, maar help my om radikaal vir U te kies. As ek my tussen diegene bevind wat U nie dien nie, wil ek nie begin hink nie, maar vasstaan. Ek rig my lewe nie in volgens mense se verwagtings nie, maar volgens U verwagting. Amen.

Baie seëninge vir julle almal – Sarel & Gerda Reinecke

Elkeen se lewe het 'n getuienis om te gee

Geloof is nie sien en dan glo nie, geloof is glo eers en dan sal jy sien.

FAITH: Forward All Issues To God

